

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aanstreek van die kerse

## Woorddiens

**Tema: “Ek behoort aan ’n gemeente”**

**Skriflesing: Efesiërs 3:14-21**

**Broodjies vir die pad**

“All mankind is of one author, and is one volume; when one man dies, one chapter is not torn out of the book, but translated into a better language; and every chapter must be so translated... As therefore the bell that rings to a sermon, calls not upon the preacher only, but upon the congregation to come: so this bell calls us all... No man is an island, entire of itself... any man's death diminishes me, because I am involved in mankind; and therefore never send to know for whom the bell tolls; it tolls for thee.”

— *John Donne, Devotions Upon Emergent Occasions and Death's Duel: With the Life of Dr. John Donne by Izaak Walton*

“Theology is not a private subject for theologians only. Nor is it a private subject for professors. Fortunately, there have always been pastors who have understood more about theology than most professors. Nor is theology a private subject of study for pastors. Fortunately, there have repeatedly been congregation members, and often whole congregations, who have pursued theology energetically while their pastors were theological infants or barbarians. Theology is a matter for the Church.”

— *Karl Barth*

“I do not like a high-organized church. I think that as soon as the congregation reaches a level of one hundred or so people, it is time to build a new church. As soon as the congregation gets to the point where you are not on fairly intimate terms with every other person in that church, then you have become a theater where people can attend services. I do not think you can attend a church service. Service is not something which is there to be viewed as if it were a play or a movie.”

— *Charles M. Schulz, Charles M. Schulz: Conversations*



### In Wellington brand ’n klavier – ’n verleentheidsgedig

Weer ’n doenige dag vir joernaliste.

In Braamfontein brand Eybers se busse

en in Kaapstad loop studente en ’n rektor parlement toe waar die Minister van Finansies ’n koek met ’n graaf moet sny.

Ook in Wellington vlamme.

Bekommerd oor almal daar tik ek ’n rooksein.

Ons is okay, sê Anne-Ghrett.

Dis net so neerdrakkend wat aangaan, sê sy

Een van die oudste, mooiste geboue

met die oudste klavier in die land

in as.

Wat sê mens hieroor?

In Bloemfontein se oorlogsmuseum

staan ’n klavier wat die Tommiebarbare verniel het toe hulle die aarde verskroei het.

’n Klavier lê ’n hele wa vol

en staan ewe swaar op ’n landskap as ’n verhoog.

Die klavier stem my onrustig

maar ek weet watter vrae kom volgende:

Gee jy meer vir ’n klavier om as vir mense?

As die saal brand, wie red jy – die mens of die klavier?

Ek bieg. Ek huiwer en oorweeg die opsies.

Dalk is dit die verkeerde vraag. Eerder:

Is jy bereid om jou lewe vir ’n klavier te gee?

*Andries Bezuidenhout*

<http://versindaba.co.za/2016/10/26/andries-bezuidenhout-in-wellington-brand-n-klavier-n-verleentheidsgedig/>



Andries Bezuidenhout se gedig “In Wellington brand ’n klavier – ’n Verleentheidsgedig” en veral die reaksie daarop, is volgens my een van die belangrikste interaksies in ’n lang tyd op hierdie webblad. Kom ons neem die gesprek verder ...

### Puin en as

*Alles van waarde is weerloos*

Lucebert

In Wellington word ’n oudste saal

brand gestreek en jy lees: De zeer oude zingt, lê donkertyd en luister

na die dreunsang van vlamme, die gedruis

van woede wat deur ’n petrolbom

uit hout en staal bevry is,

gesigloos,

die ouwêreldse plafon, net-net buite greep

wanneer die beendroë klavier

vlamvat, ’n allerlaaste akkoord speel

met snare wat

pieng! pieng! en jy verbeel jou

grensdrade wat skietgee vir al die wild

om na nuwe kampe

oor te loop,

want watter sin –

hierdie vraag wat reeds ’n antwoord is.

(c) *Louis Esterhuizen / Oktober 2016*

<http://versindaba.co.za/2016/10/28/louis-esterhuizen-puin-en-as/>



## Poppie se lot kan nie ongeweet word

*Annemarie van der Walt*

Aan die nuus het ek my die laaste tyd min gesteur, want die oudste se kuiertyd in die land staan einde se kant toe en ons bly nouliks by met ons eie bulletins en dramas.

Die televisie staan soos die afgelope agt of wat jaar met sy blinde oog en die powere internetspoed hou die koerante dig.

Tussen die kuiertye ruim ek die tuisrekenaar op, en dit neem langer as beraam. Net die lêer gemerk “briewe” op sy eie duur ure: Soms huil jy so ’n bietjie oor mense wat uit jou lewe verdwyn het en ander kere kan jy nie vinnig genoeg delete druk om van vergete verleentheid ontslae te raak nie.

In ’n ander lêer is die omsendbriewe wat aan familie gestuur is destyds ná my en die dogters se semigrasie platteland toe. Dit word ook herlees, en so duik die onthou van kleinighede die een ná die ander op.

Toe volg die lêer met die foto’s, met kinders klein en armpies so dun soos wilgerlatte en oë blink soos bergpoele; ontdaan van enige geheime, propvol vertroue.

Terwyl ek die geleefde jare op die rekenaar rondskuif en opnuut benaam, laai die internet hortend in die agtergrond die nuushoof trekke.

Ek dag eers dis een van die foto’s in my eie lêers wat nie behoorlik geliasseer is nie, maar dié dogtertjie is fynere gebou, die blonde hare netjieser as wat my kroos s’n ooit was, en haar naam is, was, Poppie van der Merwe.

Dit is ’n foto wat ’n mens se hart breek.

Gee my dan enorme foto’s van Nommer Een, Shaun Abrahams, Hlaudi Motsoeneng of enige kripvreter wat my van wrewel in my oggendpap laat stik as ek dan wel die dag die nuus bekijk. Maar nie dié kiekie nie.

Kyk, dit lyk asof iemand Poppie se trane afgevee het kort voordat die foto geneem is; die ogies is nog rooierig, die punt van haar neus ook. Haar glimlag is so dapper, amper te gemaak om iemand (die fotograaf?) tevrede te stel.

Iewers vanuit ’n primitiewe holte in my borskas bars ’n woede los wat geen politikus ooit kan ontketen nie: Asseblief, laat die kindermoordenaars na my wraak toe kom, hier is bergpoele wat geheime kan hou.

In ’n ideale nuuslose wêreld, besef ’n mens, het en sal sulke aaklighede steeds gebeur en ons sou nie weet nie. Maar iets kan nie ongeweet raak nie. Dit kleef aan jou gees en laat jou met ander oë na dié rondom jou kyk met so ’n tinsel meer wantroue, heelwat minder hoop en baie meer sinisme.

“Wat krap?” kom vra my kind terwyl sy oor my skouer na die rekenaar loer. Ek klik die nuus weg voordat sy kan sien – soos ’n meestermanipuleerder van dit wat sy hoef te weet, ’n siedende bewaker van haar bestaan, ’n ontredde liasseerder van ons lewens met as gewete ’n save-as-foto van ’n broos ontslape kleuter in ’n lêer wat ek nie kan uitwis nie.

“Ek sukkel met die backups,” lieg ek. Met hierdie land s’n, met die lewe s’n.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/poppie-se-kiekie-kan-nie-ongeweet-word-20161102#>

## Brood vir die pad

### Is dit nie soms erg moeilik om te kan nee sê nie?

*DJS*

Is dit nie wonderlik nie? Nou onlangs publiseer die gewilde skrywer Daniel Klein ’n boek oor pittige aanhalings wat hy destyds as student opgeteken het.

Hy het die gewoonte ontwikkel om spitsvondige sêgoed van groot geeste neer te skryf, gedagtes wat hom aan die dink gesit het, in die hoop dat hy só self wyser sou word, sê hy.

Baie van dié sêgoed is sinies, somber, swaarmoedig, swartgallig. Soos dié van Arthur Schopenhauer, die 19e eeuse vader van pessimisme, met ’n gemoed so donker soos ’n onweerswolk. Klein noem hom somer Meneer Melankolie.

“Die beste manier om nie ellendig te voel nie is om van meet af nie te verwag om gelukkig te wees nie” – hoe vrolik klink dit?

Of “die kortstondigheid van die lewe, waaroor ons so kla, is dalk die heel beste van alles” of “ons lewe is soos ’n pendulum, dit swaai heen en weer tussen seerkry en verveling”.

Dit kan skaars meer morbied.

Ander is egter vermaaklik. Soos die sêding van die Amerikaner Reinhold Niebuhr wat ook dien as die titel van sy boek.

Klein het vlak in sy dertigs opgehou met dié gewoonte en sy notaboek gebêre tot dit eers onlangs weer ontdek is, want dié sêding van Niebuhr het hom finaal laat moed opgee: “Every time I find the meaning of life, they change it.”

Destyds was dié gedagte ook vir hom swartgallig. Maar nou, byna vyftig jaar later, vind hy dit troosryk, wonderbaar, dié wete. Dat ons nooit die sin van die lewe voluit ken nie. Dat menswees steeds groter is en grootser as wat ons alreeds belewe. Dat daar altyd méer is om te ontdek, te glo, te waardeer, oor te wonder.

Trouens, herinner dit ons nie aan vele wonderbare voorregte nie? Om na ander se stemme en stories te kan luister? Te mag gesels? Te kan nadink oor wat ander dink en glo en sê?

Te kan lees – en ons te verlustig in die wysheid van eeue, sovele kulture, sulke ryke tradisies, tallose ervarings? Mense te leer ken en nuwe vriende te maak?

Te sien hoe kleintjies kind word en kinders jonk en jongmense groot en grootmense bly ontdek hoe interessant die lewe is? Om te besef hoe min ons eintlik weet? Maar net deur ’n spieël in ’n raaisel sien? Is dit nie alles wonderlik nie?

Hoe erg moet dit wees om ná jare steeds nog net te dink en te glo wat ons destyds ook al geweet en gedoen het? Hoe swaar om nooit ooit te verander nie?

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/djs-hoe-swaar-moet-dit-wees-om-nooit-te-verander-nie-20160910>



### Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor  
ubi caritas, Deus ibi est.*